Boeke wat skrywers laat skryf

DEUR MARITA VAN DER VYVER



Die Britse skrywer Graham Greene het geglo dis dalk net in ons kinderdae dat boeke werklik ons lewe kan beïnvloed. "Wat kan ons deesdae enigsins uit lees put wat die opwinding en die ontdekking van daardie eerste 14 jaar kan nadoen?" het hy verklaar. "Dit is in daardie vroegste jare waarin ek sal soek ... na die oomblik toe die lewe 'n nuwe koers ingeslaan het in sy reis na die dood."★

Ek wil glo dat sommige boeke ons lewenslank in die hart kan tref en ons binneste kan ruk en ons tot in ons beendere kan skud. Maar ek stem saam met die groot Greene dat daardie vroegste wonderwerke in ons lewe as ontluikende lesers 'n ongeëwenaarde invloed kan hê. Dalk is ons eerste boekliefde so onvergeetlik soos ons eerste liefde van vlees en bloed. "The first cut is the deepest," soos Cat Stevens gesing het.

In Bellville se biblioteek was daar so 'n stel swaar, blou boeke met die verruklike titel *Kinders van die wêreld* wat ek sweerlik kindalleen voos gelees het. Ek onthou dosyne boeke met derduisende foto's en artikels oor die lewe van kinders oral op aarde. Groot was my ontnugtering toe ek onlangs vasstel daar was eintlik net agt boeke in die reeks. Die lande wat in elke band opgeneem is, was nie alfabeties of geografies of volgens enige ander duidelike metode gerangskik nie. Dit beteken jy kon spring van Israel na Kanada na Japan in dieselfde boek, en in 'n volgende boek weer kuier by kinders van Mexiko, Portugal en Egipte. Elke keer as jy omblaai, kon jy verras word. Hierts! Skielik is jy in Bulgarye – agter die gevreesde Ystergordyn, maar die kinders lyk dan net so gelukkig soos jy en jou maats!

Woorde wat toor

Kinders van die wêreld het nie van my 'n skrywer gemaak nie, maar dit het 'n Wanderlust laat ontwaak wat ek nooit weer aan die slaap kon sus nie. 'n Verlange om vreemde plekke te sien en onbekende tale te hoor en meer te leer oor mense wat anders as ek is. Dis dalk selfs die oerrede waarom ek vandag in Frankryk woon. Dis beslis een van die redes waarom ek joernalistiek gaan studeer het; daardie jeugdige nuuskierigheid wat deur 'n stel blou boeke aangesteek is.

Die ander rede waarom ek joernalistiek gekies het, was

omdat ek van laerskool af geweet het ek wil 'n skrywer word (al was ek te verleë oor hierdie onmoontlike droom om dit met enigiemand te deel) en joernalistiek sou my hopelik darem help om taal en woorde behoorlik te benut. En die wete dat ek stories wil skryf, is bevestig deur die talle storieboeke wat ek voor my 14de verjaardag gelees het.

Dit het begin by Engelse boeke en veral een stokou, blou hardeband, *Jane of Lantern Hill*, wat my ma ook as kind gelees het. (Wonderbaarlik, dink ek nou, dat blou boeke my so bygebly het.) Die skrywer was LM Montgomery, veel wyer bekend vir *Anne of Green Gables*, wat ek later gelees het. Maar dit was Jane, eerder as Anne, wat my aanvanklik so betower het dat ek gedink het, dít wil ek ook kan doen. Ek wil leer om met woorde op papier te toor.

En die boek wat my laat besef het hierdie toordery kan ook in Afrikaans gebeur, was Alba Bouwer se *Stories van Rivierplaas*. Dié een was darem nie blou nie; die omslag was valerig, met een van Katrine Harries se spinnerakfyn sketse. Ja, die beste boeke van my kinderdae onthou ek almal nie net as abstrakte stories nie, maar as soliede voorwerpe met 'n bepaalde kleur, gewig, reuk. Dís hoe onvergeetlik hulle vir my ontvanklike gemoed was.

Ek weet Bouwer se idilliese plaasstories oor wit kinders wat bedien word en swart werkers wat "Outa" genoem word, het 'n politiek inkorrekte geurtjie gekry. Maar die taal, o, die taal, dis wat my van die eerste bladsy gevang het. Bouwer se Afrikaans jubel van genot; vol vars metafore en klanknabootsings en maniere om dinge te sê wat ek as laerskoolkind nog nooit voorheen in my ma se taal gelees het nie.

Verwonderd en verruk het ek besef dis my taal, dié. Dis hoe 'n storie in my taal kan klink; dis mos moontlik om 'n Afrikaanse skrywer te word.

Die ontwykende boek

Dís waar dit begin het. Daarna, op hoërskool, was dit gedigte eerder as romans wat my in my kwaad gesterk en met woorde bedwelm het. Antjie Krog se *Dogter van Jefta* en Breyten Breytenbach se *Die ysterkoei moet sweet* was so toetentaal anders as al die gedigte van dooie, wit ooms wat ons in die klaskamer moes bestudeer dat ek sommer ook as tienerdigter ontpop het. (Gelukkig het ek opgehou teen die tyd dat my tienerjare verby was.)

Daar was ná skool vele Afrikaanse boeke wat steeds my paadjie as skrywer beïnvloed het, maar die belangrikste invloed was moontlik die gebrek aan 'n sekere soort boek. Ek wou van die begin toeganklik eerder as obskuur letterkundig skryf ('n behoefte wat bloot versterk is deur my joernalistieke opleiding) en drie dekades gelede was daar 'n tamaai gaping tussen "maklike", vermaaklike fiksie en ingewikkelde, literêre fiksie.

Meer nog, ek wou humor in my stories hê, en in die deftige Afrikaanse letterkunde waarmee ek grootgeword het, is humor nogal onderskat. Daar was Langenhoven se olifantstories en André P. Brink se *Oom Kootjie Emmer* en Jan Harmse (Klaas Steytler) se *Zap Zap in Seepunt gaan dit pienk en plesierig*, wat die volk kon laat lag, en dan was daar die vlymskerp literêre satire van Etienne Leroux se *Magersfontein, O Magersfontein!* wat die volk in sy koffie kon laat stik – maar wat ek in Afrikaans gesoek het, was toeganklike, humoristiese meesterwerke soos Joseph Heller se *Catch-22*.

In my eerste roman vir volwassenes, *Griet skryf 'n sprokie*, hef die hoofkarakter hoeka 'n hele klaaglied aan oor die gebrek aan humor in die Afrikaanse letterkunde. Dit was 'n kwarteeu gelede en dinge het sedertdien verbeter, dank die laggende gode, maar humor word steeds nie ernstig genoeg opgeneem in Afrikaanse boeke nie. En ek besef presies hoe strydig daardie laaste sin klink.

Ons het 'n jong, groeiende letterkunde – niemand weet hoe lank dit nog kan gedy nie – maar terwyl die nag nader kom, kan niks ons keer om al fluitende deur die begraafplaas te stap nie. Ons het genoeg gruwelike geraamtes in ons volk se jonkmanskas wat 'n goeie dosis galgehumor regverdig. Onthou, *Catch-22* het die afgryse van die Tweede Wêreldoorlog beskryf. En laas jaar se Man Booker-pryswenner, Paul Beatty – wat *Catch-22* as een van sy gunstelingromans beskou – het hedendaagse rassisme en slawerny as onderwerp van *The Sellout* gekies.

Hoe donkerder die toekoms van Afrikaans lyk, hoe belangriker word dit om humor in te span, al is dit gitswart galgehumor; al lag ons uit wanhoop eerder as vreugde. Ek wag dus op ons eie, Afrikaanse weergawe van *Catch-22* of *The Sellout*, soos Elsa Joubert se karakters op die kaptein of Samuel Beckett se Vladimir en Estragon op Godot gewag het. Die soort boek wat my lewe opnuut kan laat kantel, soos Graham Greene dit gestel het, in my reis na die dood.

★*The Lost Childhood and Other Essays*, Graham Greene, 1951

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. Met die Boeke wat skrywers laat skryf-rubriekreeks nooi ons vooraanstaande skrywers om te vertel watter boeke hulle geïnspireer en as skrywer gevorm het.

pen Afrikaans

Foto: Willem Lourens